# Evangelism Explosion South Africa

# Deel jou Geloof - Bybelstudie

## VOORWOORD

Welkom by die Bybelstudie oor die belangrikste boodskap van alle tye, nl. die evangelie van Jesus Christus. Evangelie beteken “Goeie Nuus”. Is dit nie goeie nuus as God dit vir ons moontlik maak om ’n oorvloedige lewe vir ewig te lewe nie?

Die Bybelstudie gaan drie uiters belangrike vrae beantwoord:

- Wat is diè evangelie?
- Hoe word dit deel van my lewe?
- Wat gebeur in my lewe as ek die evangelie aanvaar?

Mag die boodskap van hierdie Bybelstudie ook vir jou baie goeie nuus wees en jou lewe vir altyd verander!

## INHOUD


| | |
|---|---|
| Identiteit | 1 |
| Genade | 3 |
| Mens | 4 |
| God | 5 |
| Christus | 7 |
| Geloof | 8 |
| Oorgawe | 9 |
| Sekerheid | 10 |
| Bybel | 12 |
| Gebed, Aanbidding en Vriendskap | 13 |
| Getuig | 14 |

# IDENTITEIT

Ons ontvang 'n nuwe identiteit sodra ons, ons geloof in Christus Plaas.

**Probleem:**
Ons baseer ons identiteit in ons vermoëns, prestasies en die mening van ander.

**Reaksie:**
Vind uit wat Christus vir ons gedoen het en wat hy van ons belowe.

**Hoekom is dit belangrik:**
As ons ons identiteit in Christus vind, word ons bevry om: **meer lief** te hê, **meer te waag** en **minder te vrees**.

**Weet:**
As ons ons geloof in Christus plaas, kry ons, as gevolg van wat Christus gedoen het 'n nuwe identiteit as kind van God.

> Joh 1:12 "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."

**Ervaar:**
Groter veiligheid, vertroue en vryheid omdat ons nie hoef te presteer vir ander om van gehou te word, aanvaar of bekend te wees nie.

**Doen:**
Rus in die wete dat jou identiteit in Christus gewortel is.

> Joh 10:10 "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."

Stel jou voor dat jy in die straat afstap en dat jy 'n loterykaartjie op die grond kry. Dit is die Powerball jackpot-wenkaartjie. Jy is onmiddellik 'n miljoenêr! Hoe sou dit jou lewe verander? Wat sou gebeur het as jy die kaartjie opgetel het, nie geweet het dat dit regtig is nie, sodat jy dit nooit op geëis het nie?

2 Korintiërs 5:17 sê vir ons dat as iemand in Christus is, hulle 'n nuwe mens is - die oue is weg en die nuwe het gekom. Hulle het 'n hele nuwe identiteit en dit is baie beter as om die lotto te wen! Maar soms weet ons nie wat waar is nie. Ons gaan vandag kyk na die dinge wat God sê oor die nuwe jy.

**Ondersoek:**
Lees Efesiërs 2:1-3. Wat sê hierdie gedeelte oor wat waar is van ons voordat ons Christus ken? Op watter manier kan jy hiermee vereenselwig?

---

Lees Efesiërs 2:4-10. Wat sê hierdie gedeelte gebeur met ons nadat ons Christus leer ken het?

---

Hoe beskryf God ons in vers 10 en Sy plan met ons?

---

Wat beteken dit vir jou dat God aan jou as Sy skepping dink?

Lees Esegiël 36: 25-27. Wat verander wanneer ons God leer ken?

Lees 2 Korintiërs 5:21. Wat sê hierdie gedeelte?

**Toepassing**
Kyk na die blad "Wie is ek in Christus". Dit bevat 'n lys van die waarhede waarna ons en baie ander mense gekyk het. Watter van hierdie dinge is moeilik vir jou om te glo? Watter een is die meeste vir jou?

Hoe beïnvloed dit jou lewe as jy 'n navolger van Jesus is, maar nie die waarhede van jou nuwe identiteit glo soos dié waarna ons gekyk het nie?

Dink aan die prentjie van 'n skoenlapper. Hoe is ons nuwe identiteit in Christus soos die nuwe identiteit van 'n wurm as dit 'n vlinder word?

**Wie is ek in Christus:**
As jy 'n Christen is, dan geld die stellings hieronder vir jou.

## In Christus word ek aanvaar ...

| | |
|---|---|
| Joh 1:12 | Ek is die kind van God. |
| Joh 15:15 | As dissipel is ek 'n vriend van Jesus Christus. |
| Rom 5:1 | Ek is geregverdig. (In die regte plek met God) |
| 1 Kor 6:17 | Ek is verenig met die Here, en ek is een met Hom in gees. |
| 1 Kor 6:19-20 | Ek is teen 'n prys gekoop en ek behoort aan God. |
| 1 Kor 12:27 | Ek is 'n lid van Christus se Liggaam. (Het familie in ander gelowiges) |
| Ef 1:3-8 | Ek is deur God gekies en aangeneem as Sy kind. |
| Kol 1:13-14 | Ek is verlos en vergewe van al my sondes. |
| Kol 2:9-10 | Ek is volkome in Christus. |
| Heb 4:14-16 | Ek het direkte toegang tot God se troon deur Jesus Christus. |

## In Christus is ek veilig ...

| | |
|---|---|
| Rom 8:1-2 | Ek is vry van veroordeling. |
| Rom 8:28 | Ek is verseker dat God alles in alle omstandighede ten goede laat meewerk. |
| Rom 8:31-39 | Ek is vry van enige veroordeling wat teen my gebring word en ek kan nie van die liefde van God geskei word nie. |
| 2 Kor 1:21-22 | Ek is deur God gevestig, gesalf en verseël. (100% Syne) |
| Kol 3:1-4 | Ek is saam met Christus in God verborge. |

| | |
|---|---|
| Fil 1:6 | Ek is vol vertroue dat God die goeie werk wat Hy in my begin het, sal voltooi. |
| Fil 3:20 | Ek is 'n burger van die hemel. |
| 2 Tim 1:7 | Ek het nie 'n gees van vrees gekry nie, maar van krag, liefde en 'n gesonde verstand. |
| 1 Joh 5:18 | Ek is uit God gebore en die bose kan my nie aanraak nie. |

### In Christus is ek belangrik ...

| | |
|---|---|
| Joh 15:5 | Ek is 'n loot van Jesus Christus, die ware wingerdstok en 'n kanaal van Sy lewe. |
| Joh 15:16 | Ek is gekies en aangestel om vrugte te dra. |
| 1 Kor 3:16 | Ek is die tempel van God. |
| 2 Kor 5:17-21 | Ek is 'n predikant van versoening vir God. |
| Ef 2:6 | Ek sit saam met Jesus Christus in die hemelse ryk. |
| Ef 2:10 | Ek is God se skeppingsbeeld. |
| Ef 3:12 | Ek kan God met vryheid en vertroue nader. |
| Fil 4:13 | Ek kan alle dinge doen deur Christus wat my versterk. |

**Hoe kry ek hierdie identiteit in Christus:**
Dit vereis 'n verhouding met Jesus Christus. Voordat ons 'n betekenisvolle verhouding met Christus kan hê, moet ons verstaan wie Hy is en waar Hy vandaan kom. Die volgende Bybelstudie wil jou in 'n betekenisvolle verhouding met Jesus Christus bring.

# GENADE

**Ontdek:**
Die Bybel het die beste nuus oor die grootste geskenk waarvan ons nog gehoor het!

**Sleutel Bybelteks:**
Rom 6:23 “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.”

**Ondersoek:**
Vertel mekaar van ʼn besondere geskenk wat jy in jou lewe ontvang het. Moes jy vir die geskenk betaal?

________________________________________

________________________________________

Lees Rom 6:23:
Wat is die verskil tussen “genadegawe” en “loon”?

________________________________________

Deel nou met mekaar of jy al hierdie genadegawe ontvang het, m.a.w. is jy seker dat as jy vandag sou sterf, jy wel die ewige lewe het?

________________________________________

Lees 1 Joh 5:13:
Wat sê dit vir jou oor sekerheid?

________________________________________

Gesels oor die vraag: As jy in die hemel voor God se troon sou staan en Hy vra vir jou: “Waarom moet Ek jou in die hemel toelaat?” wat sal jy vir die Here sê?

---

God se manier en die mens se manier verskil radikaal van mekaar: Van kleins af is ons daaraan gewoond dat ons vir alles moet werk: kwalifikasies, beloning, salaris, ens. God se manier is die teenoorgestelde: Sy genade en die ewige lewe kan ons net gratis ontvang. Ons kan dit nie verdien nie. Wat sê Ef 2:8-9 hieroor?

---

**Onthou:**
Die ewige lewe is God se geskenk aan jou. Die hemel is gratis. Ons kan dus nié vir die ewige lewe betaal nie!

**Vriend se geskenk illustrasie:**

Ons kan nie deur al ons pogings, goeie werk of godsdienstige dade ‘n plek in die hemel verdien nie, want die ewige lewe, soos enige geskenk, is vry. Veronderstel jou beste vriend (vrou, man, ma) sou jou verras met ‘n duur geskenk en jy sou onmiddellik na jou beursie gryp en geld uithaal om vir die geskenk te probeer betaal. Watter verleentheid of belediging sou dit nie vir dié spesiale persoon wees nie! Selfs al sou jy ‘n sent daarvoor betaal, is dit nie langer ‘n geskenk nie.
Dit is dieselfde met die ewige lewe ….

**Om op te som:**
Die ewige lewe is ‘n geskenk van God wat ‘n mens nie kan verdien nie!

# MENS

**Ontdek:**
Wat is sonde en wat is die gevolge van sonde?

**Sleutel Bybelteks:**
Rom 3:23 “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie”

**Ondersoek:**
Ons kan nie die ewige lewe verdien of verwerf nie, want daar is ’n groot probleem:

Die Mens is ’n SONDAAR of DOEN SONDE

Rom 3:23 sê: “Almal het gesondig,…”

Is daar ’n uitsondering op die reël? ____________________________________

Wat dink jy van die stelling: Baie mense weet dat hulle sondaars is, maar verstaan nie die erns daarvan nie, d.w.s. verstaan nie wat die implikasies van sonde is nie.

---

---

Wat is ’n definisie van sonde?

---

---

As ons aan sonde dink, dink ons net aan roof, moord, egbreuk, ens. Maar die Bybel sê dat sonde enigiets is wat God nie behaag nie en dat dit 'n oortreding van Sy wet is. Enigiets wat ons doen – soos om in woede op te tree of te steel – is sondes. Enigiets wat ons moet doen, maar nie doen nie – soos om na te laat om; te bid of die Bybel te lees of ons naaste lief te hê, is sondes. Daar is nie net sondes in daad nie, maar ook sondes in woord en nadenke – soos lieg, vloek, wellus, trots, jaloesie en haat. Die Bybel sê dit is alles sondes.

Ons sondig hoofsaaklik deur:

| | |
|---|---|
| Verkeerde gedagtes | (2 Korintiërs 10: 5) |
| Woorde | (Jakobus 1:26) |
| Dade | (Titus 1:16) |
| Verwaarlosing | (Jakobus 4:17) |

Die "Drie Sondes per Dag" illustrasie verduidelik vir ons die omvang van die probleem van sonde.

**Drie sondes per dag illustrasie:**

Veronderstel 'n persoon sou slegs tien of vyf keer op 'n dag sondig – of maar net drie keer. As hy slegs drie keer 'n dag verkeerde gedagtes koester, sy/haar eie belang voorop stel of teenoor God en sy medemens doen wat hy veronderstel is nie om te doen nie, sou dit van hom 'n redelike goeie mens maak, nie waar nie!? Die drie sondes per dag, loop egter op na meer as 1000 sondes per jaar. Met 'n gemiddelde ouderdom van 70 jaar het 'n persoon dus meer as 70 000 keer teen God gesondig! Kan jy dink wat met 'n misdadiger met 'n kriminele rekord van 70 000 oortredings, sal gebeur?

Omdat ons sondaars is kan die mens homself nie red nie

Lees Galasiërs 3:10 Wat sê hierdie vers vir ons?

________________________________________________________

Jakobus 2:10 sê dat nie 70 000 sondes nie, maar net een sonde genoeg is om 'n sondaar van jou te maak. As jy een sonde gedoen het, wat is jou status voor God?

________________________________________________________

________________________________________________________

**Omelet illustrasie**

Om te verduidelik hoe sonde ons onaanvaarbaar maak vir God, gebruik ons hierdie illustrasie. Ons kan nie 'n omelet met vyf vars eiers en een slegte eier maak en dit aan gaste voorsit en dan verwag dat dit vir hulle aanvaarbaar sal wees nie. Net so min kan ons ons lewens aan God aanbied (met baie dinge wat heelwaarskynlik deur mense as goed gereken word) terwyl daar sonde daarin is. Net een sonde maak ons lewens onaanvaarbaar vir God. As ons deur ons goeie werke hemel toe wil gaan, moet ons volmaak wees. God se standaard (Sy eis) is ten alle tye volkome gehoorsaamheid aan Hom. Almal van ons sal hieraan tekort skiet.

**Om op te som:**

Omdat die mens ŉ sondaar is, kan hy homself nie red nie, selfs nie eens deur sy/haar beste dade nie. Daar moet dus ŉ ander manier wees om gered te word as deur ons eie goeie dade.

# GOD

**Ontdek:**
Ons besef alle mense is sondaars. Tog het God ons baie lief, maar Hy kan Sy oë nie sluit vir ons sonde nie!

**Sleutel Bybelteks:**
1 Joh 4:8b "…God is liefde.."
Hand 17:31 "... Hy het ŉ dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel..."

**Ondersoek:**
Die goeie nuus van die Bybel is dat God genadig is en ons nie wil straf nie. Watter besondere eienskap van God staan uit in 1 Johannes 4:8b?

________________________________________

Ons weet God is heilig! Dink jy dat so ŉ heilige God tevrede is met die lelikheid (onheiligheid) van sonde in ons lewe?

________________________________________

________________________________________

Wat is die verskil tussen sonde "vergewe" en sonde "oorsien"? Lees weer Handelinge 17:31 en gesels daaroor.

________________________________________

________________________________________

Die ware wese van God beklemtoon dat Hy nie slegs liefdevol en genadig is nie, maar ook heilig is, en sonde nie kan verduur nie. Lees nou wat God met die sonde wil doen volgens Eksodus 34:7. Hoe verstaan jy dit t.o.v. jou eie sonde?

________________________________________

________________________________________

Hoe sien jy God se straf of oordeel oor die sonde- straf Hy elke dag bietjie vir bietjie deur terugslae in ons lewe, of gaan daar by die oordeelsdag ŉ finale afrekening of straf wees? Wat bedoel Romeine 6:23a?

________________________________________

________________________________________

Omdat God liefdevol en vol genade is, maar tegelykertyd regverdig is, het Hy ŉ wonderlike plan vir ons as mense gemaak. ŉ Mens kan dit verduidelik met ŉ verhaal van ŉ vryheidsvegter, ŉ ware leier: "..." Sê vir mekaar wat die verhaal van die Leier vir jou persoonlik sê.

**Die leier illustrasie**

Daar was ŉ leier van ŉ groep vryheidsvegters wat teen ŉ diktator geveg het. Terwyl hulle in tente saam met hul families woon, kom hulle agter dat hul kosvoorraad gesteel word. Die leier waarsku dat as die dief betrap word, hy met ŉ

sambok gestraf sal word. Toe daar weer kos gesteel word, betrap die soldate die dief: Die leier se ma! Die leier weet sy ma sal die straf nie oorleef nie. Hy het haar lief en wil haar uiteraard nie straf nie. Hy besef egter hy moet ook regverdig optree en die straf wat hy self neergelê het, handhaaf. Dan kondig hy aan dat die straf uitgevoer sal word. Tot almal se groot verbasing trek hy sy hemp uit en neem self die straf in sy ma se plek. Hierdeur het die leier sy liefde vir sy ma bewys, maar ook regverdig gebly.

**Om op te som:**
God toon sy regverdigheid en bewys Sy liefde vir ons in die persoon van Jesus Christus.

# CHRISTUS

**Ontdek:**
Hoe God se plan van verlossing deur Jesus uitgevoer word.

**Sleutel Bybelteks:**
Joh 1:1, 14 "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

**Ondersoek:**
Die belangrikste vraag wat elke mens moet beantwoord is: Wie is Jesus Christus? Wie sou jy sê is Jesus Christus?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Joh 1:14 en 20:28 sê vir ons Hy is beide ________________ en ________________
Waarom is beide eienskappe van Jesus Christus vir ons belangrik? (Man en God)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Wie Jesus is, is vir ons baie belangrik, maar *wat Hy kom doen het* is belangriker. Ons kan dit so opsom:
Hy het aan die Kruis gesterf.
Hy het die betaal vir ons sonde betaal.
Hy het opgestaan uit die dood.
Hy gee ons die geskenk van die ewige lewe.
Watter groot transaksie vind plaas aan die kruis volgens Hebreërs 9:27,28 en Romeine 3:25,26?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Wat beteken die kruiswoord van Jesus in Johannes 19:30 toe Jesus gesê het: "Dit is volbring"?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Die illustrasie wat ons gebruik om dit te verduidelik is die rekordboek van sonde.

**Rekordboek van sonde illustrasie**

Kom ons veronderstel dat 'n boek (neem enige boek) 'n volledige verslag van my lewe bevat. Dit bevat alles wat ek in my lewe gedoen het. Elke woord, daad of gedagte is hierin opgeteken. Ook al my sonde. Plaas dit op jou linkerhand. Veronderstel jou linkerhand is jy. Die lig bo is God. Hier is dan die probleem – my sonde. God het my lief (wys na linkerhand) maar haat my sonde (wys na die boek) en moet dit straf. Om hierdie probleem op te los het God sy eniggebore Seun na die wêreld gestuur. Die Bybel sê: "Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom." (Jes. 53:6) (Verplaas die boek van linkerhand na regterhand wanneer jy "op Hom laat afkom" sê) God het al my sonde op Christus geplaas.

Dit wat aan die kruis gebeur het, is dit vir almal? Johannes 3:16

________________________________________________________

Hierdie geskenk is vir almal, maar almal het dit nie, want hierdie geskenk van genade, ontvang ons deur; ________________________________________ (Hand 16:31).

**Om op te som:**

Wat Jesus vir ons gedoen het, moet ons deur geloof aanvaar.

# GELOOF

**Ontdek:**

Die enigste manier om die geskenk van die ewige lewe te ontvang, is om dit deur geloof in Christus te ontvang.

**Sleutel Bybelteks:**

Hand 16:31 "Hulle antwoord hom: 'Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.'"

**Ondersoek:**

Beteken "geloof" dat ek maar net kennis van God moet hê, m.a.w. dat ek maar net sal glo dat God bestaan? Wat sê die Bybel in Jakobus 2:19?

________________________________________________________

________________________________________________________

Beteken "geloof" dat God net daar is om in my tydelike nood te help (soos met siekte of finansiële krisisse)? Wat sê 1 Korintiërs 15:19 daaroor?

________________________________________________________

Kan ek met my beste werke en eie pogings die ewige lewe verkry? Wat sê Efesiërs 2:9 hieroor?

________________________________________________________

Wat is die enigste manier om die ewige lewe te kry? Lees Handelinge 16:31 en gesels oor hierdie "sleutel"-woord wat vir my nodig is om die geskenk van die ewige lewe te ontvang.

________________________________________________________

Om te glo (geloof) het 3 elemente: a) *kennis* – dit is om te weet van Christus se verlossingswerk; b) *instemming* – dit is om te aanvaar dat Christus wel vir my gesterf het en c) *vertroue* - dit is om my vertroue 100 persent te plaas op dit wat Christus vir my gedoen het. Is daar een van die 3 elemente van geloof wat nog by jou kortkom?

______________________________________________________________

*Geloof* beteken dus om jou vertroue alleen in Christus te stel. Die stoel-illustrasie.

**Die stoel illustersie**

| |
|---|
| Jy glo dat hierdie stoel bestaan, nie waar nie? (Kyk na ŉ leë stoel.) Glo jy dat hierdie stoel my sal kan dra? Om ŉ baie eenvoudige rede dra dit my nie op die oomblik nie – omdat ek nie daarop sit nie. So was dit ook met my en Christus. Ek het van Hom geweet en dat Hy my kan help. Tog het ek nie op Hom vertrou vir die ewige lewe nie. Ek het op "die stoel van my eie goeie werke" gesit. Ek het op myself vertrou om in die hemel te kom. Om die ewige lewe te ontvang, moet ek my vertroue verplaas van "die stoel van my werke" na dit wat Christus vir my gedoen het. (As ŉ voorbeeld kan jy nou opstaan van jou stoel en gaan sit op die leë stoel – dit is simbolies van die geloofsbesluit wat ons moet neem) |

Het jy jou vertroue al so op Christus geplaas? ______________________________

Mense vra dikwels – wat is dan die waarde van ŉ mooi lewe en goeie werke? Dit is die manier hoe ek vir God dankie sê vir die ewige lewe wat ek ontvang het.

**Om op te som:**

Dit maak vir my sin dat ek my vertroue alleen kan plaas op dit wat Christus vir my gedoen het!

# OORGAWE

**Ontdek:**

Hoe kan ek die ewige lewe as geskenk ontvang?

| **Sleutel Bybelteks:** |
|---|
| Hand 2:37 "By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra, 'Wat moet ons doen, broers?'" |

**Ondersoek:**

Is daar iets in jou lewe wat verhoed dat jy die geskenk van die ewige lewe ontvang?
Byvoorbeeld:
Ek weet nog nie genoeg nie
Ek is nog nie gereed vir so ŉ groot stap nie
Ek het nog sondes in my lewe
Enigiets anders ______________________________________________

______________________________________________________________

Die belangrikste vraag wat jy in jou lewe moet beantwoord is: "Wil jy die geskenk van die ewige lewe ontvang?".
Wat is biddend jou antwoord? ___________________________________

Ewige lewe beteken veral dat Jesus Christus jou wil verlos van jou sonde en in ŉ persoonlike verhouding met jou wil staan. Hoe word dit ŉ werklikheid in ŉ mens se lewe? Ons kan dit so verduidelik:

- Om nie langer op jouself of jou werke te vertrou nie, maar op Christus alleen. Is jy bereid om jou vertroue net op Christus te plaas? ________________________
- Is jy bereid om Jesus Christus, wat vir jou sondes gesterf en betaal het en opgestaan het uit die dood as jou Verlosser aan te neem? __________________
- Jesus wil die Here van jou lewe wees. Wat beteken dit as Jesus sê dat Hy die Here van jou lewe wil wees? ________________________________________
- Is jy bereid om jou lewe te plaas onder die heerskappy van Jesus Christus? ________________________________________________________________
- Bekering beteken – ek wil nie meer my eie pad loop nie maar God se pad en daarom het ek berou oor my sonde en vra vergifnis. Ek is nou bereid om God se pad te loop. Is jy bereid om nou God se pad te loop? ______________________

ŉ Opregte gebed is die manier waarop ons met God kan praat. Hy belowe ook dat Hy gebed verhoor.

Kom ons gaan sê vir God alles wat ons nou met mekaar gedeel het.
Is jy bereid om dit te doen? ________________________________________

**Voorbeeld van ŉ oorgawe gebed**
Hemelse Vader, in die naam van Jesus Christus, ek besef die ewige lewe is ŉ geskenk, daar is geen manier hoe ek dit kan verdien of verwerf nie. Ek besef ek is ŉ sondaar en dat ek myself nie kan red nie. Ek weet dat U my baie liefhet, maar ook dat u regverdig is en sonde moet straf. Dankie vir Jesus Christus. Dankie dat Hy deur sy dood aan die kruis vir my sonde betaal het en vir my die dood oorwin het. Ek glo dit is ook vir my en daarom plaas ek my vertroue volkome op Jesus. Ek aanvaar Jesus Christus as my Verlosser. Ek aanvaar Jesus Christus as die Here van my lewe. Ek vra vergifnis vir al my sonde. Ek wil nou U pad loop. Dankie dat ek nou weet dat my sonde vergewe is. Dankie dat ek nou U kind is. Dankie dat ek nou die ewige lewe het. Amen

**Om op te som:**
Welkom in God se ewige familie!

# SEKERHEID

**Ontdek:**
Hoe kan ons geestelik groei?

**Sleutel Bybelteks:**
Joh 6:47 "Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe."

**Ondersoek:**
Wanneer ons kinders van God is, is dit baie belangrik dat ons sal groei in Jesus Christus. Ons groei deur wat ons uit dankbaarheid doen vir die Here, maar ons groei ook deur wie ons is in Jesus Christus. Ons het ŉ wonderlike nuwe status. Ons is

Koningskinders! Om seker te wees van ons verlossing en om seker te wees dat ons kinders van God is, is baie belangrik vir ons geestelike groei.

Lees Johannes 6:47 weer.

Wie praat hier? ______________________________

Kan ons dus hierdie belofte glo? ______________________________


Watter geskenk belowe Jesus Christus vir ons hier? ______________________________

Wat moet jy doen om hierdie geskenk te ontvang? ______________________________

Is hierdie belofte ook vir jou? ______________________________

Hoekom? ______________________________

**Romeinse handdruk illustrasie**



Die Romeine het mekaar gegroet deur hulle hande op die persoon se pols te sit. Dit was ŉ stewige greep. Wys prakties hoe. (Kom ons sê my hand stel die deurboorde hand van Christus voor. Hou dan sy voorarm met jou hand vas. Jou hand verteenwoordig jouself. Plaas sy hand op jou voorarm.)God het na ons uitgereik in liefde en ons het God se genade aanvaar. Selfs al voel dit of ek nie goed genoeg vashou nie, sê God self: "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie." (Joh 10:28)

As jy nou te sterwe kom, waarheen sal jy gaan en waarom sê jy nou so?

______________________________

God sien my nou anders. Die groot verskil in my lewe is nie net wat in my lewe gebeur het nie, maar veral ook wie ek nou in God se oë is.

Lees Kolossense 1:12-14. Watter verandering het daar nou gekom met ons oorgawe aan Christus.

______________________________

Lees 1 Johannes 3:1. Hoe sien God my nou?

______________________________

Ons kan nou met vreugde ons verhouding met die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees beoefen. Lees Hebreërs 10:19-22. Wat sê hierdie gedeelte vir ons?

______________________________

Wat kan nou nog skeiding maak tussen my en God? Romeine 8:38,39:

______________________________

______________________________

**Om op te som:**

Geestelike groei vind plaas as ek weet wie ek is in Christus.

# GEESTELIKE GROEI

## Die Bybel

**Ontdek:**
Wat die waarde van die Bybel is vir my geestelike groei

**Sleutel Bybelteks:**
Psalm 119:105 "U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad."

**Ondersoek:**
Die kern van ons geestelike groei, is 'n verhouding met die drie– enige God : God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees. In enige verhouding is kommunikasie uiters belangrik. God praat met ons deur Sy Woord en deur die Heilige Gees. Die rol wat die Woord van God (Die Bybel) in my lewe speel, bepaal die kwaliteit van my verhouding met God.
Lees 2 Timoteus 3:16,17: Wie is die eintlike skrywer van die Bybel?

___

Waarvoor kan ons die Bybel gebruik? Noem 'n paar dinge wat hier voorkom en wat dit beteken.

___

Lees Hebreërs 4:12,13: Omdat daar krag is in die Woord, het dit die vermoë om te verander en om te keer waar dit toegepas word. Is jy bereid om jou hele lewe, selfs jou diepste motiewe te plaas onder die heerskappy van die Woord? Hoe kan ons dit prakties doen?

___

Dit is belangrik dat ons ook sistematies met die Bybel omgaan. Ons moet onthou dat die Bybel 'n biblioteek van boeke is wat oor 'n tydperk van meer as 'n 1000 jaar geskryf is. Dit is dus goed om boek vir boek te lees. Wat kan jy doen om jou Bybelstudie sistematies en getrou te doen? [Gebruik die – App: "Roadtrip 247" op jou selfoon vir daaglikse Bybelstudie]

___

Dit is belangrik dat ons ook sistematies met die Bybel omgaan. Ons moet onthou dat die Bybel 'n biblioteek van boeke is wat oor 'n tydperk van meer as 'n 1000 jaar geskryf is. Dit is dus goed om boek vir boek te lees. Wat kan jy doen om jou Bybelstudie sistematies en getrou te doen? [Ons stel voor jy begin by die boek van Johannes]

___

Hulpmiddele soos ander vertalings en boeke wat help om die Bybel te verklaar, is nuttig vir ons om die Bybel te verstaan. Bespreek watter hulpmiddels mens kan gebruik.

___

Lees Psalm 1:1-3: Ek het 'n keuse: Of die invloed en opinies van die sondige wêreld, of die Woord van God bepaal my lewenswyse. Wat is jou keuse?

___

Wat is die beloning van 'n lewe gebou op die Woord van God?

___

**Om op te som:**
Ek kies vandag om my lewe te bou op die Woord van God.

## Gebed, gemeente en vriende

**Ontdek:**
Ek kies vandag om my lewe te bou op die Woord van God.

**Sleutel Bybelteks:**
1 Tes 5:17 "…. Bid gedurig, …."

**Ondersoek:**
Regdeur die Bybel en veral na Jesus se koms, maak gelowiges gebruik van die wonderlike voorreg om deur gebed met God te praat. Hulle loof hom, bid vir die uitbreiding van die Koninkryk en vra Sy hulp in moeilike situasies. Al die gebede het een ding in gemeen: Mense wat met ŉ lewende God in opregtheid praat en kommunikeer. God nooi jou ook uit om deel van hierdie bevoorregte mense te wees.

Jesus is ŉ baie goeie voorbeeld vir ons gebedslewe. Nie alleen stel Hy vir ons ŉ voorbeeld van ŉ persoon wat bid nie (Lukas 11:1), maar Hy gee ook vir ons ŉ model hoe ons moet bid. Kom ons kyk na die "Ons Vader" gebed.
Lees Matteus 6:5-14. Die eerste wat ons opval is die gesindheid wat ons moet hê wanneer ons bid. Noem ŉ paar dinge wat in v 5-8 en v 14-15 genoem word oor hoe ons hart moet lyk voordat ons bid:

____________________________________________

____________________________________________

In v 9-13 is 6 gebede wat gebid word. Elkeen is eintlik net ŉ opskrif vir alles wat ons moet bid. Kom ons kyk na die ses gebede en hoe ons ons gebedslewe daarvolgens moet inrig.

- God en sy Naam (v 9). Hoe kan ons bid dat God geheilig word?

  ________________________________________
- God en Sy koninkryk (v 10a). Hoe bid ons vir die uitbreiding van God se koninkryk?

  ________________________________________
- God en Sy Wil (v 10b). Hoe bid ons dat God se wil sal geskied in ons lewens?

  ________________________________________
- God en ons versorging (v 11). Hoe bid ons vir ons behoeftes?

  ________________________________________
- God en ons vergifnis (v 12). Hoe kan ons bid vir God se vergifnis?

  ________________________________________
- God en ons beskerming (v 13). Hoe kan ons bid dat God ons elke dag sal beskerm?

  ________________________________________

Dit is belangrik dat ons ook dissipline in ons gebedslewe sal hê. Bespreek met mekaar hoe ons getrou kan bid.

____________________________________________

____________________________________________

Dit is wonderlik dat ons enige tyd en enige plek toegang het tot God in gebed. Dit is egter duidelik dat dit vir God belangrik is dat ons gesamentlik as Sy kinders ook sal aanbid. Lees Efesiërs 1:13. Kan mens deel wees van Christus sonder om deel te wees van Sy volk (kerk)?

---

Een van die belangrikste redes waar die Hebreërbrief se gemeente agteruit gegaan het, was hulle bywoning van die byeenkomste. Lees **Hebreërs 11:25**. Hoe moet ons dié vers in ons lewens toepas?

---

Een van die mooiste beelde in die Bybel is in 1 Korintiërs 12:12-31 waar die kerk met 'n liggaam vergelyk word. Die doel van die beeld is om die eenheid te beklemtoon (v 12), maar ook dat elke liggaamsdeel 'n taak het (v 27,28). Waarby sal jy betrokke wil raak in jou gemeente?

---

**Om op te som:**
Ek gaan die voorreg gebruik wat God my gee om met Hom te praat en saam met ander Hom te dien.

## Getuig

**Ontdek:**
Dit is 'n vreugde om, deur my getuienis, Christus op elke terrein van my lewe te verteenwoordig

**Sleutel Bybelteks:**
Matt 10:32 "Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is."

**Ondersoek:**
Vandat jy 'n kind van God geword het, het God jou nie uit jou omstandighede gehaal nie, maar jou teruggestuur na jou lewensomstandighede, nóú as 'n nuwe mens! Ons moet nou *as die Here se verteenwoordigers* in die wêreld gaan leef! En dit gebeur op twee maniere: a) Deur die hantering van dit wat jy ontvang het (*jou rentmeesterskap*), en b) *Deur jou getuienis* (jou woorde en dade).

Om jou getuienis te kan uitleef, is dit belangrik dat 'n mens saam met ander gelowiges die geloofspad moet loop. Wat is die doel hiervan volgens Hebreërs 10:24?

---

Bespreek met mekaar waar die beste geleentheid vir jou sal wees om te kan inskakel by 'n Bybelstudie-, sel- of omgeegroep, sodat jy ook daar saam met ander die geloofspad kan stap.

---

*Rentmeesterskap* gaan oor my loopbaan, my tyd, my gesondheid en my bates. Ware rentmeesterskap beteken ek laat God toe om Heer en Koning te wees oor alles wat Hy aan my sorg toevertrou het. Waar begin rentmeesterskap volgens Romeine 12:1?

---

---

‘n Gelowige se *getuienis* is só belangrik. Is dit genoeg om net ’n voorbeeldige lewe te leef? Wat sê Romeine 10:14 hieroor?

Wanneer ons met iemand oor Christus wil praat is ons bang dat ons in die verleentheid gaan kom of dat mense sal aanstoot neem of kwaad word. Wat sê Petrus en Johannes in Handelinge 4:20 hieroor en wat wil jy sê oor jou eie getuienistaak?

Deel met mekaar hoe jy jou getuienis wil uitleef en hoe sal jy daarvoor toegerus wil word?

**Om op te som:**
Gaan en vertel met jou mond en jou lewe van dit wat Jesus vir jou gedoen het!

**Evangelism Explosion South Africa**
318 Heckroodt Villieria Pretoria
www.ee3.org.za
info@ee3.org.za
012 333 0051